No 1360 5 Maart 2017

GEMEENTEBRIEF

Kol 2:14: "Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem."

Gereformeerde Kerk
Pretoria-Alkantrant

Webtuiste: www.gk-alkantrant.co.za • **Facebook:** Gereformeerde Kerk Alkantrant • **Predikant**: Ds Dirk Kotzee: 079 305 3297, dkotzee@gmail.com/dirk@gk-alkantrant.co.za • **Skriba:** Hennie Klopper: 082 578 1417, hbklopper@webmail.co.za • **Administratiewe beampte:** Rina de Villiers: 081 599 2321, pikkie.rina18@gmail.com • **Attes skriba:** Tjaart van der Walt: 083 303 1275, mwnts@mweb.co.za • **Bankbesonderhede:** GK Alkantrant, Absa-rekeningnommer 540 340 404, Takkode: 334 745.

Eredienste

Hartlik welkom by vanmôre se eredienste. Mag die Here ons saamwees met Hom en met mekaar ryklik seën. Daar is vanmôre weer twee eredienste – om 09:00 en om 10:30. Ds Dirk Kotzee lei beide eredienste.

Eerste Erediens

Lees: Rigters 5:1-31
Teks: Rigters 5:3-5
Tema: Gesante in sy hande, maar die eer kom die Koning toe!

Preekskets
In Rigters 5 staan ons voor die hart van dissipelskap. Om die Here getrou te volg in alles, sy opdragte getrou uit te voer en om aan Hom die eer te gee in die proses.

Dit is ook wat ons hier aantref in die loflied van Barak en Debora. Getrou aan die Here het hulle sy opdragte uitgevoer en nou vestig Debora die aandag van die regeerders van die aarde daarop dat hierdie oorwinning in die hande van die Here is. Sy, Barak en Jael het hulle deel gedoen, maar die eer kom die Here toe.

Dit is opvallend in die gedeelte, hoeveelkeer die wêreld sou kon verwys na toeval. Toevallig het Geber sy tent eenkant gaan opslaan. Toevallig was Jael daar. Tog is dit wat die wêreld as toeval beskryf, in die gelowige se oog, die hand van die hemelse Vader wat ingryp tot die voordeel van sy kinders.

Sing
Psalm 98-2:1 en 2
Psalm 19-2:5
Psalm 99:1 en 3
Psalm 147:1,3 en 5
Skrifberyming 13-3

Tweede Erediens

Lees: Jakobus 3:1-12
Teks: Jakobus 3:9 en 10
Tema: Wat die hart van vol is, loop die mond van oor.

Preekskets
Hierdie gedeelte van Jakobus is baie gewild onder die voorspoed teologie. Veral wat die mag van die tong betref, beide positief en negatief. Die kern van hierdie gedeelte is egter nie geleë op die tong nie, maar in die hart. Om 'n wag voor die mond te plaas, is dit daarom eers nodig dat my hart moet skoon wees. As my hart gevul is met die evangelie, is daar nie plek vir die bose nie, en is die evangelie die wag voor my mond.

Sing
Skrifberyming 14-2:1
Skrifberyming 14-3:1 en 4
Skrifberyming 10-1:1,2 en 4
Skrifberyming 13-3

Kollektes
Tydens erediens: Diakonale kas
By die deure: Teologiese studentekas
Volgende Sondag: Teologiese studentekas

Diensbeurt
Die kerkraadslede van wyk H2 is vandag aan diens:
Ouderling Danie Gouws
Diaken Santie Gouws.

Katkisasietoesig
Toesig vandag by die Gr 3.

Gemeentesake

Lief en leed

Sr Magdaleen Swanepoel was die afgelope week in Kloof hospitaal opgeneem, na komplikasies in verband met haar vorige operasie aan die einde van 2016. Ons is dankbaar dat sy weer tuis aansterk.

Ons bid haar en haar gesin die seën, beskerming en troos van ons hemelse Vader toe. Baie sterkte in hierdie tyd van beproewing vir julle toegebid.

Koffiekroeg

Daar is vanaand om 16:00 koffiekroeg vir alle hoërskool kinders. Ons gaan vanaand met mekaar gesels oor musiek, flieks en boeke.

Dialoogbediening

Daar is vanaand om 17:30 weer dialoogbediening. Ons gesels oor die Jehova getuies, hulle aanslag en ons antwoorde.

Bybelstudie

Ons het weer bybelstudie Woensdagoggend om 09:30. Ons bestudeer Romeine 12:1-21.

Gemeentelike aktiwiteite

Nuwe intrekkers

Hartlik welkom aan ons nuwe intrekkers!
Ons wil graag kennis maak. Ontmoet vir ds Dirk by die koffiestasie of skakel gerus met hom by: dirk@gk-alkantrant.co.za of dkotzee@gmail.com

Sustersake

Kaartjies
Kaartjies te koop vir enige geleentheid – verjaardag, doop, huwelik en nog vele meer. Die inkomste uit die verkoop van die kaartjies is ten bate van die Paul Kruger Kinderhuis.

Skinkbeurte
Vandag: A1, C1, F5, F10 en H1
Volgende Sondag: Geen tee/koffie nie.

Koeksisters
Daar is vars koeksisters in die portaal beskikbaar tussen die twee dienste. Teen slegs R25/dosyn.

Fondsinsameling: Hout en vleis

Daar is braaihout beskikbaar teen R30/sak en vir ’n groot streepsak R100/sak. Heerlike wildswors en maalvleis teen R65/kg.

Daar is ook wildspastei, droëwors, biltong, hoender-, bees- en herderspastei, lasagne, bobotie en malvapoeding te koop.

Ná die erediens kan Nico of Marius u help by die motorhuis agter die konsistorie.

Riviertoer vir jongwerkendes

Aros geestelike toerustinggeleentheid

Dr John Byl van die Trinity Western Universiteit kom bied ’n reeks lesings aan oor die volgende onderwerpe: Het die wetenskap God doodgemaak? Die Gereformeerde wêreldbeskouing en sy oorsprong. Leer kinders wiskunde vanuit ’n Christelike perspektief.

Wanneer: 7 Maart 2017
Tyd: 07:30 – 15:00
Waar: Aros kampus: Dickensonlaan 1180, Waverley, Pretoria.

Besprekings kan gedoen word by: info@aros.ac.za

Gedagte vir die week:

Die evangelie is die volgende: ons het aan die eenkant meer sonde en gebrokenheid in onsself as wat enigiemand ooit sou kon glo, en tog is ons aan die anderkant meer geliefd en aanvaarbaar in Jesus Christus gemaak as wat enige van ons ooit voor kon hoop.

- Timothy J. Keller

Verjaardae

Hartlik geluk aan almal wat hierdie week verjaar. Ons bid julle 'n geseënde en voorspoedige lewensjaar toe.

Maandag 6 Maart
Paul Havemann – 073 396 9502
Alexander Hughes – 082 563 7845
Wiida Scholtemeijer – 082 788 7300
Elizabeth van der Walt – 012 993 1250

Dinsdag 7 Maart
Kotie Bekker – 082 331 2736

Donderdag 9 Maart
Stienie Kruger – 082 433 4066
Nicolas Rahn – 072 247 5889
Ina Rautenbach – 076 140 7804

Vrydag 10 Maart
Francois du Preez – 082 371 2033
Fransie van Rooyen – 072 239 9240

Saterdag 11 Maart
Jian Coetzee – 082 660 3423(Pa)

Dagboek



Hierdie week

5 Maart: Eredienste om 09:00 en 10:30
Katkisasie
Koffiekroeg om 16:00
Dialoogbediening om 17:30
7 Maart: Instandhoudingskommissie 18:30
8 Maart: Oggendbybelstudie om 09:30

Volgende week

12 Maart: Erediens om 09:00
13 Maart: Finansiële kommissie om 19:00
14 Maart: Bedieningskommissie om 18:30
15 Maart: Kerkraadsvergadering om19:00
16 Maart: Aandbybelstudie om 18:00

Week 3

19 Maart: Erediens om 09:00
20 Maart: Skoolvakansiedag
21 Maart: Menseregtedag
22 Maart: Oggendbybelstudie om 09:30

Week 4

26 Maart: Eredienste om 09:00 en 10:30
Katkisasie
Koffiekroeg om 16:00
Dialoogbediening om 17:30
30 Maart: Aandbybelstudie 18:00
31 Maart: Skole sluit

Advertensies

Indien daar plek in die *Gemeentebrief* is, plaas ons u advertensies gratis. Reël asseblief met die redaksie in verband met die tydperk van die plasing. Advertensies en berigte moet ons voor 11:00 op die Donderdag voor voorgestelde plasing bereik.

Susan Swanepoel Musiekskool
Onderrig in klavier, teorie en harmonie en afrigting in sang. Alle grade. Begeleiding van alle instrumente en sang.
Skakel *Susan* by 083 252 0983 of 012 993 1074.

Vakansieverblyf: Natalse Suidkus
Eenheid in SanLameer te huur. 3 slaapkamers (slaap 6), 2 badkamers, blouvlagstrand, veilige omgewing, ten volle toegerus.
Skakel *Marie-Louise Els* by 082 341 0855 of e-pos haar by marielouiseels@gmail.com.

Vakansieverblyf: Wes-Kaap
Vakansiehuis te huur in Kleinmond. Slaap 6. Ten volle toegerus. Loopafstand na die strand. Geen troeteldiere. Beskikbaar teen R600 per dag, minimum 10 dae.
Skakel *Nols* of *Bettie Swanepoel* by 082 553 8960.

Vars gebak en spyseniering
Koeke, terte, kolwyntjies, beskuit, "platters" en spyseniering vir funksies, verjaardae, kinder-partytjies, doop of spesiale geleenthede.
Skakel *Christiaan Swanepoel* by 073 769 0455 of stuur 'n e-pos aan cjswan4@gmail.com.

Finansiële adviseur
Kontak my gerus vir ’n volledige finansiële analise van u portefeulje of vir ’n spesifieke behoefte.

Dienste sluit in:

Langtermynversekering, lewens-, ongeskiktheids-, inkomstebeskermers- en gevreesdesiekte-dekking

- Beleggings
- Aftredebeplanning
- Korttermynversekering
- Mediese fonds
- Trusts en testamente

Skakel *Anri Kotzee* by 071 467 6571 of e-pos by anri@ffg.co.za.

Bioway multi-insekdoder
Dodelik vir miere, stofmyte, vlieë, kokkerotte, muskiete, ens. Dit word gebruik in hospitale, skole en restaurante en is veilig om in koskaste, ook rondom jou troeteldiere en selfs naby jou kinders te gebruik.

Asook verspreider van **Aloferox** en **Global Herbal** gesondheid en skoonheidsprodukte.

Skakel *Anna van der Walt* by 076 467 4290.

Hartklopfees
Die President Kruger Kinderhuise bied in 2017 weer die Hartklopfees aan.

Datum: 7, 8 en 9 Maart 2017

Waar: Weiveld in Lynnwoodweg, Pretoria.

Kunstenaars: Verskeie Suid-Afrikaanse kunstenaars tree op

Kaartjies: Reeds beskikbaar by iTickets

Loodgieterswerk
Frieswyk Loodgieters vir enige loodgieterswerk.
Skakel *Gerrit van Wyk de Vries* by 083 271 0892.

Vakature by President Kruger Kinderhuis Reddersburg

President Kruger Kinderhuis Reddersburg is ’n kinderhuis wat residensiële versorging en terapeutiese behandeling aan kinders verskaf deur te voorsien in fisiese, maatskaplike, emosionele en psigologiese behoeftes. Die kinderhuis funksioneer onder toesig van die Gereformeerde Kerke van SA.

Meelewende lidmate van die Gereformeerde, Hervormde en NG Kerk word genooi om aansoek te doen.

Vir meer informasie rakende die verantwoordelikhede van die pos, kontak asseblief vir br Hennie Klopper by hbklopper@webmail.co.za.

Navrae: Mnr Izak Fourie
Voordele: Woonstelinwoning. 051 553 0086/348 Gesubsidieerde pensioenskema
Sluitingsdatum: 19 Maart 2017
Diensaanvaarding: 1 Mei 2017
Om aansoek te doen: Faks asseblief volledige CV en getuigskrif van huidige predikant na 051 553 0083 of e-pos na kantoor1.pkk@gmail.com

---